


MATIE- *land*



JAARGANG 6

NOMMER 1

APRIL 1962

UNIVERSITEIT
VAN
STELLENBOSCH

Versprei
u beleggings
en
beveilig
u kapitaal

Belê u spaarfondse deur

Federale
Volksbeleggings
Beperk

Vir besonderhede skryf aan:

POSBUS 3079,
KAAPSTAD.

POSBUS 2911,
JOHANNESBURG.

POSBUS 333,
BLOEMFONTEIN.



Cude Meester

Liqueurbrandewyn

BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

CUD63a



Dit beteken

so veel


*om gerus te voel
oor hulle*

SANLAM


beteken beskerming vir u en u gesin

V&R 3273/2AX

r-e-k hulle



was hulle



Wolnit
SUPER

REKNYLON EN WOL-EN-REKNYLON

◀ VIR MANS EN SEUNS ▶




Die Sokkies wat Voete kry

•

Een grootte pas elke voet

Dis nou vir jou lewe, hoor! . . . en DIS VIR JOU BIER!



Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!

As die southappies vorentoe smaak, die kuiergaste hulle reeds tuisgemaak het en die vrolikheid begin koersvat – dan is koue Castle dubbel welkom. Sommer met die eerste proeslag weet jy – dis mos vir jou lewe, hierdie . . . en dis vir jou bier. Heerlike skuimkoue Castle is geurrik aan smaak en kragryk aan goeie gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.



**SUID-AFRIKA
SE UITSOEKBIER**

Grant 345/6124-3A

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUDSTUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN

BUN BOOYENS

MET MEDEWERKING VAN

DIE AFDELING OPENBARE BETREKKINGE

JAARGANG 6

APRIL 1962

NO. 1

MATIELAND

APRIL-UITGAWE

INHOUDSOPGAW E

Redaksioneel

Nuwe Wyn in Ou Leersak	7
Die Oud-Matiebaadjie	7

Universiteitsnuus

Verkiesing van Raadslede	8
Nuwe Aanstellings aan die Universiteit	8
Dosente Oorsee	9
Twee Goue Medaljes	10
Besoek van Prof. F. X. Schumacher	10
Amptelike Opening van die Universiteit	12

Artikels

Die Jaar 1961 en sy Graduandi	14
What we can learn from the European Forest Industry	19
Die Eeufesfondsbanket in Pretoria	22
Navorsing oor die Broukwaliteit van Gars	24
Voedselwetenskap — 'n Aktuele Studierigting	27
Kursus in Vervoerwese	30

<i>Só Onthou Ek Matieland</i>	33
-------------------------------	----

Só Bou Hul Matieland

Oorsese Vakansiewerk deur Ingenieurstudente	36
---	----

Oud-Matiebondtakke

Pretoria	37
Huis de Villiers vier Mondigwording	39

<i>Van Heinde En Verre</i>	40
----------------------------	----

<i>Ons Onthou</i>	41
-------------------	----

<i>Die „Matieland”-Fonds</i>	44
------------------------------	----

Buitebladfoto:

Deel van die Optog van Graduandi, 8 Desember 1961.

Nuwe Wyn in Ou Leersak

NUWE aankomelinge in die Eikestad wat op hul verkenningssomswerwinge so 'n bietjie van die Ou Hoofgebou afdwaal na Andringastraat se kant toe, sal daar die wieg van die Universiteit van Stellenbosch vind. Een van die geboue, die kleinste, word tans tot 'n ander wieg omskep — dié waaruit die woelige jong Departement van Drama die wêreld om hom sal betrag en vertolk.

Studente wat die vierjarige B.Dram.-kursus voltooi, sal 'n leidende aandeel kan neem in die kulturele bedrywighede in ons land. Met die kursus word beoog om toneelspelers, regisseurs, verhoogbestuurders, toneelskrywers, kritici en marionettespelers deeglik toe te rus. Voordragkunstenaars en teaterpedagoë wat op hul beurt weer leiding na buite sal kan gee, sal na verwagting hul inspirasie en onderrig binne die nuwe Departement vind. Hier sal hul die grondbeginsels, dissipline en vakkundige tegniek eie aan die vrye wêreld van die kuns kan leer, om dit daarna verder uit te dra.

Die ou gebou waar studente eertyds vakke soos Geskiedenis, Afrikaans-Nederlands (in die ou „Hollandse Saal”), Filosofie en Geografie geloop het, is tans die middelpunt van intense herbou-bedrywighede en belooft om eersdaags 'n unieke toneelwerksentrum te wees. In 'n ruim lokaal sal mej. G. Täger, verlede jaar van Duitsland afkomstig, haar nuwe kursus in bewegingsleer doseer. 'n Groot lokaal sal omvorm kan word tot 'n klankstudio vir radio-werk en eventueel sal dit ook aangewend word vir rolprentopnamewerk, waarvoor 'n ligkabine voorsien is. In 'n ander lokaal sal studente die jongste tydskrifte, boeke en bronne oor teatertegniek en toneelbesprekings kan raadpleeg.

Besondere aantrekkingskrag sal egter geleë wees in die klein *proefteater*. Dit word só beplan dat, met behulp van die moderne, eenvoudige en handige apparaat vir lig en klank, alle moontlikhede van die „groot” teater daardeur gedemonstreer sal kan word. 'n Ruim werkwinkel, 'n groot naaldwerkateljee, kleed-, grimeer- en pakkamers sal alle geriewe vir

teateropvoerings daarstel en die montering van die moeilikste stukke moontlik maak.

Die hele ou gebou word tot 'n doeltreffende instrument by die onderrig van hierdie studierigting omskep en sal as sodanige instrument onder beheer staan van mnr. Jo Gevers wat so pas sy betrekking as lektor in *Dramategniek* aanvaar het. Mnr. Gevers, self 'n bekwame speler, sal regie en marionettespel waarneem en voorlesings oor sy vakgebied lewer.

'n Belangrike aanwinst vir die personeel is die aanstelling van mnr. Jocelyn de Bruyn as lektor in *Engelse Spraak, Voordrag en Toneel*. Mnr. De Bruyn is 'n kenner van die wêreld-dramaturgie en sy ondervinding aan die B.B.C. in Londen sal studente in radiowerk stellig wesentlik ten goede kom. Die groot aktrise, mev. Tine Balder, sal behulpsaam wees met grimering en opvoerings.

Hierdie kragte, saam met ander wat in die Departement van Drama werksaam sal wees, kan staatmaak op die deskundige en geesdriftige leiding van prof. Fred Engelen, die hoof van die Departement. Dit word vertrou dat hier 'n stimulerende werkkring geskep gaan word wat moontlik aan die Suid-Afrikaanse toneel 'n nuwe lewenskans sal bied.

Die gewaardeerde ontvangs wat die treffers *Johanna, Soldaat van God, Antigone* en *Mary of Nimmegen* allerweë deur Wes-Kaaplanders in die jongste verlede geniet het en wat so sterk spreek van 'n kennershand en begrypende gees daaragter, sterk ons in die ambisieuse verwagtinge wat ons van hierdie dinamiese dramaskool koester. En dit sal die ou „Hollandse Gebou” waardig wees.

Die Oud-Matiebaadjie

DIT is vir *Matieland* baie aangenaam om te berig dat die oud-Matiebaadjie teen Junie- of Juliemaand beskikbaar sal wees by die vier goedgekeurde handelaars op Stellenbosch, t.w. Carl Bergh, Pikkie Blommaert, Gebrs. De Wet en Theron Smit. Die baadjies word deur VEKA vervaardig en aan die genoemde han-

delaars voorsien. Indien dit uit u matekaart mag blyk dat nie een van die klaargemaakte baadjies u sal pas nie, sal enigeen van die genoemde handelaars 'n baadjie vir u maak. Kleurkaarte sal op aanvraag deur die *Afdeling Openbare Betrekkinge* van die Universiteit voorsien word.

Soos u reeds weet, is die kleur van die baadjie *donkerblou*. Die Universiteitswapen ver-

skyn op die bo-sak met die woorde OUD-STUDENT en STELLENBOSCH daarby. Verder word die Universiteitswapen op elke knoop van die baadjie geslaan. Die das is donkerblou met stelsel van drie dun strepies (wynrooi, silwer en ou-goud) en klein Universiteitswapens daarop. Die baadjie, sakwapen en knope sal slegs as 'n eenheid verkrygbaar wees.



Mej. G. Täger, (in die middel), lektrese in Bewegingsleer in die Departement van Drama, rig 'n groepie af terwyl ander lede van die B.Dram.-klas toekyk.

Universiteitsnuus

Verkieping van Raadslede

DS. J. S. GERICKE, DR. M. S. LOUW EN MNR P. A. WEBER wat op 1 April 1962 die einde bereik het van hul ampstermyn as lede van die Universiteitsraad, deur die Konvokasie gekies, is vir 'n verdere termyn van vier jaar (2 April 1962—1 April 1966) tot lede van die Raad verkies.

PROF. B. B. KEET is deur die Donateurs van die Universiteit vir 'n verdere tydperk van vier jaar tot lid van die Raad verkies.

MNR. S. W. J. LIEBENBERG is deur die Munisipaliteit van Stellenbosch vir 'n verdere tydperk van vier jaar as lid van die Universiteitsraad aangestel.

Nuwe Aanstellings aan die Universiteit

Die volgende aanstellings is deur die Universiteitsraad op die doserende personeel van die Universiteit van Stellenbosch gedoen:

DR. H. H. D. BREDE, Hoof van die Departement van Geneeskundige Mikrobiologie aan-



Prof. dr.
H. H. D. Brede.

die Universiteit van Stellenbosch, is met ingang 1 Januarie 1962 aangestel as Professor in Mikrobiologie in die Fakulteit van Geneeskunde.

Heinrich Hans Dieter Brede is in 1921 te Keulen, Duitsland gebore. In 1946 het hy die graad Dr. Med. aan die Universiteit van Keulen en in 1948 die Diploma vir Skeeps- en Tropiese Geneeskunde aan die Hamburgse Instituut vir hierdie studierigting verwerf. Dr. Brede het die nagraadse kwalifikasie van „dozent” in higiëne en mikrobiologie in 1955 aan die Universiteit van Keulen behaal en is in 1959 aangestel as mikrobioloog aan die Karl Bremer-Hospitaal.

Prof. Brede het tot dusver ’n vyftigtal wetenskaplike publikasies oor mikrobiologiese probleme die lig laat sien en het ’n opdrag om as mede-outeur vir die werk *The World Problem of Salmonellosis* te dien, aanvaar. ’n Deel van sy wetenskaplike werk, byvoorbeeld sy Akkinomikose-navorsing, verbeterings van serologiese metodes, ontdekking van Leptospire- en nuwe Salmonella-tipes het internasionale belangstelling gewek.

Prof. Brede praat Duits, Afrikaans, Engels, Frans en Spaans en is ook deeglik geskool in Latyn en Grieks.

Die volgende is as *senior lektore* aangestel:

MNR. B. BOOYENS in Geskiedenis en dr. B. H. KOEPPEN in Voedselwetenskap.

Die volgende *lektore en lektrises* is aangestel: Dr. P. S. Knox-Davies in Plantsiekteleer; mnr. A. J. Meyer in Insektekunde; mnr. Jo Gevers van België in die nuwe studierigting Dramategniek; mnr. J. de Bruyn in Engelse Spraak, Voordrag en Toneel; mev. G. E.

Ziervogel in Kostumering en mev. M. J. Smit in Huishoudkunde.

Dosente Oorsee

PROF. DR. J. C. DE WET, hoogleraar in die Fakulteit van Regsgeleerdheid, en mev. De Wet het aan die einde van verlede jaar op ’n besoek van meer as ses maande na die buiteland vertrek. Mev. De Wet is lektrise in Engels aan die Universiteit van Stellenbosch.

Prof. en mev. De Wet is aanvanklik na Brittanje waar prof. De Wet op uitnodiging ’n reeks lesings oor die Romeins-Hollandse Reg aan die Universiteit van Edingburgh sou lewer. Prof. De Wet is die eerste Stellenbosser wat ’n uitnodiging van dié aard van genoemde Universiteit ontvang het.

In die V.S.A., waar prof. en mev. De Wet tans verkeer, behartig hul ’n omvattende reis-, voorlesings- en studieprogram. Prof. De Wet het daar besoeke afgelê by die Universiteite van Tulene in Nu Orleans, dié van Suidelike Kalifornië in Los Angeles en die Universiteite van Berkley en Chicago. Aan die Universiteit van Harvard sal prof. De Wet twee maande vertoef voordat hy en mev. De Wet in die begin van Julie vanjaar na Matieland terugkeer.

MNR. F. DU PLESSIS, assistent-biblioteкарis van die Carnegiebiblioteek en mev. Du Plessis, senior biblioteekassistent aan die selfde biblioteek, is tans op ’n drie maande-studiereis in die V.S.A. Mnr. Du Plessis het ’n reisbeurs onder die V.S.A.-S.A.-Leiersuitruilprogram ontvang. Met Philadelphia as uitgangspunt sal mnr. en mev. Du Plessis belangrike biblioteke besoek, veral dié wat besondere aandag aan Afrika-studies skenk. Mnr. Du Plessis het ook in Februarie ’n konferensie by die *Aspen Institute for Humanistic Studies* in Colorado bygewoon. Op weg na die V.S.A. het hul besoek gebring aan Afrika-studieprogramme in Rome, Parys en Londen.

Mnr. R. BRAAE, senior lektor in elektrotegniese ingenieurswese, het so pas van Engeland teruggekeer waar hy die beheer- en veiligheidstelsels van kernreaktors bestudeer het. Gedurende sy verblyf in Engeland was hy verbonde aan die *United Power Company* te Erith wat tans besig is met die bou van kernkragstasies in Hunterston, Skotland, en in Japan.

Mnr. Braae het verder die opleidingsmoontlikhede van Suid-Afrikaans-gegradueerde elektrotegniese ingenieurs in Engeland ondersoek.

Twee Goue Medaljes

DIE Kanselier van die Universiteit, dr. T. E. Dönges, het die Universiteitsraad meegedeel dat hy voornemens is om jaarliks 'n goue medalje beskikbaar te stel vir toekenning aan 'n uitstaande finalejaarstudent. Die medalje sal bekend staan as die *Kanselier se Medalje*. In oorleg met dr. Dönges het die Universiteitsraad besluit om hierdie medalje vir 1961 aan *mnr. G. F. C. de Bruyn* (Hons.-B.Sc.-student) toe te ken.

Die lede van die Fakulteitsraad van Geneeskunde het die Raad meegedeel dat hul besluit het om jaarliks 'n medalje, wat bekend sal staan as *Die Goue Medalje van die Fakulteit van Geneeskunde*, beskikbaar sal stel vir uitloving aan 'n uitstaande M.B., Ch.B.-VI-student. Hierdie medalje is in 1961 aan *mnr. R. Schoonees* toegeken.

Besoek van Prof. Dr. F. X. Schumacher

PROF. DR. F. X. SCHUMACHER, bosbouwetenskaplike van internasionale formaat, tree gedurende die eerste semester van 1962 op as navorsingskonsultant vir die Fakulteit van Bosbou van die Universiteit van Stellenbosch.

Prof Schumacher was van 1922 tot 1930 as dosent in Bosbou aan die Universiteit van Kalifornië verbonden. In 1930 is hy as hoof van die Bosmeetkunde-afdeling van die Amerikaanse Bosbou diens aangestel. Vanaf 1937 tot by sy aftrede in September 1961 was hy Professor in Bosbou aan die Duke Universiteit van North Carolina.

Hy is lid van verskeie wetenskaplike genootskappe in die V.S.A. en het 'n hele aantal eretoekennings vir uitstaande bydraes tot die bosbouwetenskap ontvang. Die Staatsuniversiteit van North Carolina het in 1959 'n ere-doktorsgraad in Bosbou aan hom toegeken.

Studente en oudstudente van die Fakulteit van Bosbou het reeds deur middel van sy handboek *Forest Mensuration* wat aan die Universiteit voorgeskryf word, met hom kennis gemaak. Benewens hierdie handboek het meer as dertig wetenskaplike publikasies van uitstaande gehalte onder sy naam verskyn.

Die kennis en lewenslange ondervinding van prof. Schumacher sal veral waardevol wees in die beplanning van langtermynondersoeke en dit is vir die Fakulteit van Bosbou 'n eer en voorreg om van sy dienste gebruik te kan maak.

KONSERVATORIUM BEGIN MET AFDELING HOUTBLAASINSTRUMENTE.



Mnr. G. A. Elson (heel regs) wat onlangs aangestel is as deeltydse dosent in houtblaasinstrumente, gee die eerste verduidelikings aan 'n groep studente in hierdie nuwe studierigting.

Einde ten laaste u OUD-MATIEBAADJIE

**U stuur
u mate . . .**

**Ons stuur
u baadjie**

. . .

VIR
MAATVORMS
EN VERDERE
INLIGTING
SKRYF AAN :



LET WEL :

Maatvorms ook verkrygbaar
by alle takke van
u OUD-MATIEBOND



Sy Edele B. J. Vorster, Minister van Justisie, aan die woord by geleentheid van die Amptelike Heropening van die Universiteit op 21 Februarie vanjaar.

Amptelike Heropening van die Universiteit op 21 Februarie 1962 deur Sy Edele B. J. Vorster, Minister van Justisie

VOOR 'n gehoor van bykans 2,000 in die sierlike Stellenbosse Stadsaal het Minister B. J. Vorster, alumnus van die Universiteit van Stellenbosch, by die Amptelike Heropening 'n rede gelewer wat sekerlik op die pad vorentoe één van die kostelike herinneringe van menige Eerstejaarstudent van 1962 sal bly. Die gemeidelike spreektrant en tintelende humor, gepaard aan groot lewenswysheid en 'n begrip van die rol en verantwoordelikheid van die jeug van ons tyd, was so reg na die smaak en behoefte van die aanwesiges en ook 'n komplement aan hierdie besondere plegtigheid.

Matieland doen hieronder slegs enkele uitreksels uit die rede van die Minister:

Die rol en status van die Universiteit van Stellenbosch

„Stellenbosch vra nie om geëer te word omdat hy Suid-Afrikaans gesproke oud is nie. Hy maak aanspraak op agting en waardering omdat hy op akademiese, kerklike, kulturele en sportgebied 'n standaard gestel het wat nie maklik oortref kan word nie. Hy kan hom

daarop beroem dat in sy kort bestaan hy meer mense uitgestuur het wat 'n leidende rol in die samelewing gespeel het as enige ander inrigting. Vyf in 'n ry uit die ses Eerste Ministers is 'n rekord wat nie maklik oortref kan word nie en tien oud-Maties in 'n Kabinet van agtien en 36 oud-Maties in die Parlement, soos tans die geval is, is 'n unieke prestasie."

Die voorreg van jonk-wees

„Geniet as kinders en jongmense jou studentedae. Dit kom nooit weer terug nie. Die lewe is vol verspotte ou mense wat hulle kinderagtig gedra omdat hulle 30 jaar te laat beseft dat hulle hul jeug verwaarloos het. Aan die anderkant is daar weer te veel jongmense wat of te ligsinnig en met algehele veronagsaming van die norme en standaarde waarop geslagte prys gestel het, rondspeel of met sulke strakke en suur gesigte loop dat as hulle na 'n koppie swart koffie in die eetkamer kyk, die melk al suur word in die kombuis."

'n Behoudende lewensbeskouing

„My advies aan u is: Doen mee, ondersoek, ontleed, maar moenie die ankers wat geslagte gebind het vir onbekende en twyfelagtige beskouinge sommerso weggooi nie.

Die huidige geslag weet beslis meer as die vorige geslag. Dit moet so wees want kennis is die kumulatiewe ervaring van geslag op geslag en elkeen dra iets oor aan die volgende.

Die jeug het nie net meer kennis nie: hy is beslis ook nie slegter as die geslag jeugdiges voor hom nie. Hy is ook nie beter nie. Omdat ons almal van nature sondig is, struikel ons almal geslag op geslag. Maar meerdere kennis bring groter verantwoordelikheid en daarom rus daar groter verantwoordelikheid op elke opvolgende geslag en dus ook op u."

Die toets vir leierskap

„Die toets vir 'n leier is nie hoeveel mense hy voor hom kan uitdryf nie of hoeveel mense hy met of sonder hom in die afgrond laat af tuimel nie, maar hoeveel mense hy kan lei op die gelykpad, op die rand van die afgrond en

teen die opdraende pad uit. Jy kan nie mense lei en met jou saamneem, as jy hulle nie ken nie."

Die weg na sukses

„As jy sukses wil behaal, moet jy hoog mik. Dis nie verwaand om hoog te mik nie, dis net verwaand om te sê dat jy 'n man is wat altyd skiet waar jy mik. Dis nie verkeerd om bo te wil kom nie, dis net onnosel en gevaarlik om bo te wil begin. Die jeug is haastig. Die arbeid van sy voorgeslagte maak dit vir hom makliker. Die versoeking word dus al groter om kortpad te vat. Enkelinge het al kortpad gevat en geslaag, maar die ervaring het my geleer dat die tronke vol is van mense wat die lang pad geminag het."

Gesonde sentiment

„Gesonde sentiment is soos die sout oor die kos. Die gebalanseerde mens is nie net verstand nie. Hy het ook 'n hart. Dis 'n ploert wat raas en lawaai, maar dis 'n snob wat sy hande in sy sakke steek as hy hulle moet klap."

Die balans tussen studie en vermaak

„Ek het 'n student geken wat op Intervarsity studeer het en sy LL.B. met lof geslaag het. Die verste wat hy dit kon bring in die lewe was 'n lokasie-superintendent. Ek het studente geken vir wie hul studies nie erns is nie. Die verste wat hulle dit gebring het, was om met hulle kleurbaadjies by skooldogters te spog."

Die roeping tot diens

„Die Vaderland het behoefte aan die onbaatsugtige diens van sy jeug. Ons, die ouer geslag, kyk na u, die blom van ons jeug. Ons kyk na u om in die bres te staan teen die magte van onheil en vernietiging. Dit kan u alleen doen as u van hier uitgaan as opgevoede, gedissiplineerde en gebalanseerde jongmense met 'n glimlag op die lippe, vrede in die gemoed, vasberadenheid in die tred en 'n lied in die hart wat aan almal wil verkondig dat u diensbaar wil wees aan God en volk en vaderland."


Die Jaar 1961 en sy Graduandi

Die Desember-gradedagplegtigheid van 1961 was die eerste in die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch by watter geleentheid die grade M.B., Ch.B., B.Sc. in Voedselwetenskap en D.Sc. in Voedselwetenskap toegeken is. By hierdie plegtighede het ook die eerste groep *deeltydse* studente die B.Ed.-graad verwerf, terwyl die toekenning van die graad B.Comm. aan 'n groep *buitemuurse* studente ook vir die eerste keer plaasgevind het.

Die voorstelling van die *negentiental* graduandi in Geneeskunde aan die Kanselier deur die Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde, prof. dr. F. D. du T. van Zijl, by die tweede gradedagplegtigheid in Desember 1961, was 'n trotse en dankbare oomblik in die lewe van die Universiteit. Dit was 'n verkwiklike bestemmingspunt langs 'n lang pad van voorbereiding en volharding. Inderdaad was die gebeurtenis vir die graduandi in Geneeskunde self, die dosente wat met hul opleiding gemoeid was, die universiteitsowerhede, die Universiteit as geheel en vir Stellenbosch as gemeenskap 'n gedenkwaardige beleving.

Ongeveer vyftien jaar tevore het die Rektor indertyd, prof. dr. R. W. Wilcocks, soos volg aan die Minister van Onderwys geskrywe: „Die Universiteit van Stellenbosch stel sig ten doel die stigting van 'n Afrikaanse mediese fakulteit en besluit om onmiddellik 'n aanvang te maak met die opbou van die nodige fondse.”


'n Spesiale stel meubels vir gebruik by gradedagplegtighede is verlede jaar in gebruik geneem. Dit bestaan uit 'n indrukwekkende kateder met die Universiteitswapen daarop, stoele en — op die voorgrond — 'n bankie met kussing waarop graduandi kniel wanneer grade deur die Kanselier aan hul toegeken word. Op meegaande foto wat geneem is nadat hulle hul plekke ingeneem het, verskyn, v.l.n.r.: Die Registrateur, prof. S. J. Pretorius, die Kanselier, dr. T. E. Dönges en die Rektor, prof. H. B. Thom.



Eindelik, op 23 Februarie 1951, na jare waarin 'n verskeidenheid van struikelblokke weggeruim, veeleisende baanbrekerswerk verrig en 'n groot fondsinsameling onderneem moes word, het die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap die Universiteit in kennis gestel dat die Kabinet in beginsel goedgekeur het dat op Stellenbosch 'n Fakulteit van Geneeskunde in die lewe geroep word.

In 1956, tien jaar na die mededeling van Rektor Wilcocks aan die Minister, kon die huidige Rektor, prof. H. B. Thom, by geleentheid van die Amptelike Heropening van die Universiteit, verwys na die inskrywing van die eerste studente in Geneeskunde. Hy kon toe verklaar: „Die Universiteit het sy plig tien jaar gelede ten volle aanvaar, en hy het met oortuiging en beslistheid aan die vervulling van daardie plig gewerk... Die resultaat sien ons vandag hier voor ons oë waar ons ons Fakulteit van Geneeskunde as ons jongste fakulteit verwelkom.”

By albei die Desember-plegtighede verlede jaar was die Stadsaal van hoek tot kant beset. Hierdie geleentheid trek oor die afgelope aantal jare reuse gehore. Benewens die feit dat gradedag 'n mylpaal verteenwoordig in die lewe van menige student en vir sy familiekring, het die deftigheid en waardigheid wat so 'n indrukwekkende kenmerk van dié geleentheid geword het, 'n besondere houvas op die inwoners van die Eikestad verkry. Op gradedae kom die hele dorp 'n uurtjie tot stilstand: die kleurvolle, selfvoldane optog van suksesvolle



Die eerste graduandus in Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch, mnr. P. A. Anthonissen (regs), word die kap deur die Registrateur, prof. S. J. Pretorius, omgehang.

Die gradedagplegtigheid op 8 Desember 1961, is hygewoon deur, v.l.n.r.: Mevv. T. E. Dönges, H. B. Thom, Maria Malan, sir De Villiers Graaff en (regs agter) dr. T. E. W. Schumann.





Negentien studente in die Geneeskunde het op 8 Desember 1961 die graad M.B., Ch.B. ontvang: Voor v.l.n.r.: J. H. du Toit, C. M. Zu Solms-Baruth, prof. H. B. Thom (Rektor), prof. F. D. du T. van Zijl (Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde), W. G. Dorst en C. P. R. Cronje. Middel, v.l.n.r.: G. J. Pienaar, L. C. le Roux, B. G. Lombard, A. J. Barnard, H. J. Uys, C. G. N. Meyer, S. W. van Zyl, J. W. Earle. Agter, v.l.n.r.: J. E. von Ziegler, J. Huisamen, J. A. D. Liebenberg, J. A. V. Bekker, R. Schoonees, P. W. Wait en P. A. Anthonissen.

studente vanaf die geëerbiedigde terrein van die Ou Hoofgebou, hulle binnekoms in die Stadsaal ten aanskoue van trotse ouers en vriende, die sagte, verhewe musiek in die agtergrond, die plegtige prosessie van dosente en hoogwaardigheidsbekleërs in volle akademiese mondering, die gewigtige woorde van die Kanselier by die konstituering, en dan die deftige „Meneer die Kanselier, ek versoek u...” van die kant van die Dekaan—alles tintelende fasette wat hierdie dag en uur tot blywende ligbaken op die pad van die graduandus om-tower.

By die tweede gradedagbyeenkoms op 8 Desember verlede jaar het die Kanselier van die Universiteit, Sy Edele T. E. Dönges, die graduandi 'n les in lewenswysheid as boodskap op hul lewensweg meegegee.

Matieland belig slegs enkele hoekies van hierdie juweel van 'n Gradedagboodskap uit die mond van 'n groot alumnus van die Universiteit van Stellenbosch:

„My jong vriende, vandag het julle weer 'n merk op jul lewensdokkerf. Julle dra nou die outentieke stempel van ons eie Alma

Mater. En julle sal dit moet indra in 'n nuwe wêreld waar kompetisie baie sterker is as hier op Stellenbosch! Die stempel is nie onbekend of onbeminde in Suid-Afrika nie. Dit is hoogererespekteerd. Dit staan bekend as die waarmerk van deeglikheid en karakter, van vaderlandsliefde en leierskap...

„Dit is nie altyd 'n graad of geleerdheid wat sukses of geluk bring nie. Lewenswysheid is geen erkende studievak hier, of op enige ander Universiteit nie. En tog vertrou ek dat julle verblyf op Stellenbosch julle 'n paar lesse in lewenswysheid geleer het.

„Dr. Harry Emerson Fosdick, beroemde prediker van The Riverside Church in New York vertel van die beste advies wat hy ooit gekry het.

„By sy vader se vertrek een oggend sê hy aan sy vrou: 'Tell Harry that he can cut the grass today, if he feels like it'. Na 'n paar tree draai die oubaas om en sê: 'Tell Harry he had better feel like it!' Harry het dit gehoor en die dag die gras gesny—en daarvan gehou! Daar het klein Harry die les in lewenswysheid geleer wat hom dwarsdeur sy lewe gedien het, en

hom so ver gebring het: As jy in jou lewe nie die take kry waarvan jy hou nie — hou dan van die take wat jy kry! Julle sal in jul leeftyd baie take kry wat julle nie gesoek het en waarvan julle nie hou nie. Hou van die take wat julle kry! Dit is lewenswysheid!

„Niemand is ooit te jonk of te oud om dit te leer nie! 'n Ekskuus is dikwels 'n manier om 'n plig te omseil of ongerief te vermy. Soms as daar nie 'n goeie ekskuus is nie, word een gefabriseer! Maar het u al gedink wat die mensdom verskuldig is aan mense wat 'n goeie ekskuus of uitvlug gehad het — om nie vir hulle in te span nie en wat geweier het om van daardie ekskuus gebruik te maak? Toe Milton blind geword het, het hy 'n verskoning gehad om nie verder te dig nie, maar hy het geweier om hom van die uitvlug te bedien. En die resultaat? Deur sy weiering het die wêreld Paradise Lost gewen! En die dowe Beethoven het nie sy doofheid vir hom laat keer om van sy mooiste stukke te komponeer nie, en die wêreld het sy Negende Simfonie ryker geword, omdat Beethoven geweier het om van 'n gron-

dige ekskuus gebruik te maak! Die blinde, doofstomme Helen Keller, die verlamde Ben Hogan — voorbeeld en inspirasie vir duisende liggaamlik belemmerdes . . .

„Dit is bepaald 'n deug om nie alles te glo wat julle vertel word nie. Dit is 'n deug om krities te staan en nougeset te ontleed wat aan julle voorgelê word. Ek wil die vermoë nie onderskat nie, maar dit is op sy beste 'n negatiewe deug. Daar is 'n ander deug waarop ek die klem wil lê as medeganger eerder as teenhanger van twyfel: dis die vermoë om te glo. Geloof is 'n positiewe deug en daarom kan geloof meer tot stand bring as twyfel. Wie het 'n groter impak op die geskiedenis gehad, die twyfelars of die gelowers? Thomas wat getwyfel het of Petrus wat geglo het? Wie kon meer vermag — Hamlet wat kronies getwyfel het of Jeanne d'Arc wat vuriglik geglo het? Daarom, my jong vriende, ondersoek naarstiglik, ontleed krities maar laat dit slegs 'n middel wees om julle tot 'n standpunt van geloof te bring. Moenie gou glo nie — maar moenie te lank twyfel nie!”

By die gradedagplegtigheid van 8 Desember, 1961 is eredoktorsgrade aan mev. Zerilda Steyn en dr. J. E. Holloway deur die Universiteit van Stellenbosch aangebied. Hier verskyn dr. Steyn (tweede van links) en dr. Holloway (vierde van links) saam met (v.l.n.r.) die Rektor, Kanselier en Vise-kanselier.



Graduandi van 1961

BY die Gradeplegtighede in Maart en Desember van 1961 is altesaam **837** grade deur die Universiteit van Stellenbosch toegeken. Dit verteenwoordig 'n toename van *141* op die syfer vir 1960.

Die verspreiding van grade toegeken oor die elf Fakulteite was soos volg:

Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte:

B.A. 265; B.A. in Maatskaplike Werk 13; Hons.-B.A. 60; Hons.-B.A. in Maatskaplike Werk 3; B.Mus. 8; M.A. 10; D.Phil. 7.

Fakulteit van Natuurwetenskappe:

B.Sc. 114; B.Sc. in Huishoudkunde 9; B.Sc. in Dieëtkunde 4; Hons.-B.Sc. 27; M.Sc. 16; D.Sc. 1.

Fakulteit van Opvoedkunde:

B.Ed. 3; M.Ed. 2; D.Ed. 1.

Fakulteit van Landbou:

B.Sc. in Landbou 56; B.Sc. in Voedselwetenskap 2; M.Sc. in Landbou 18; D.Sc. in Voedselwetenskap 1.

Fakulteit van Regsgeleerdheid:

LL.B. 17.

Fakulteit van Godgeleerdheid:

B.D. 7.

Fakulteit van Handel:

B.Comm. 48; Hons.-B.Comm. 9.

Fakulteit van Ingenieurswese:

B.Sc.,B.Ing., 53.

Fakulteit van Geneeskunde:

M.B.,Ch.B. 19; M.Med. 3; M.D. 1.

Fakulteit van Bosbou:

B.Sc in Bosbou 11; M.Sc. in Bosbou 2.

Fakulteit van Krygskunde:

B.Mil. 17.

Sing in die reën

Mens kan die reën terdeë geniet as jy daarop voorberei is. 'n Sambreel, 'n hoed, 'n jas — en jy's reg. Suksesvolle, gelukkige mense is diegene wie dinge vooruit beplan en nie die noodlot te veel kans gee nie. Motor, seiljag, reis oorsee, huis, universiteitsgelde, inkomste-belasting — Dis glad nie onmoontlik nie. Baie mense het dit reeds. As u dit nog nie het nie, beplan daarvoor en maak gebruik van die volgende beleggingsfasiliteite by SAAMBOU:

SPAAR (rente op daaglikse saldo)
 VASTE DEPOSITO'S (termyn 1 tot 5 jaar)
 ONBEPAALEDE TERMYN-AANDELE
 VASTE TERMYN-AANDELE
 SUBSKRIPSIE-AANDELE
 HUISLENINGS OOK ALTYD BESKIKBAAR

(PERMANENTE)

SAAMBOU

BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Posbus 4180, Kaapstad

WAAR U TUIS VOEL



V&R 2975/3



What can we learn From the European Forest Industry?

VISITING the most important industrial countries in Europe last year one was struck by the spectacular developments taking place in the various forest industries.

The term *forest industry* refers to a rather broad field of activities. It can be defined as the practical and industrial utilization of wood. Defined in this way the forest industries will comprise the manufacture of sawn and planed timber, glued laminated timber, prefabricated houses and a variety of other structures, furniture, plywood, wood particle boards, fibreboards, pulp, paper, cellulose, plastics, fibres, rayons and many other products.

The forest industries are naturally highly developed in the countries in Europe where they have large forests, and where they are able to produce timber in sufficient quantities for both domestic use and export. These countries are first of all Sweden, Norway and Finland. Other countries which used to export timber such as the Baltic states, Poland and Czechoslovakia are now behind the Iron Curtain. The technical development in these countries is also far advanced.

A couple of the countries behind the Iron Curtain were visited, and it was found that the same technological developments, which were so striking in Western Europe, had taken place there.

In other countries where there is a shortage of timber such as Germany, France, England, Switzerland, Holland, Belgium and Denmark, it could be observed that the technological development in the fields of wood technology and forest industries were just as advanced as in the timber-exporting countries.

It could often be noticed that it was specially in those countries, where there was a shortage of timber, that entirely new products or methods of productions were first developed. In such countries, scientists and engineers had to find new uses for wood waste and small dimension timber because no other raw mate-

rials were available (e.g. wood particle board from wood waste, en glued laminated timber from wood of small dimensions).

The leading countries, when it comes to new developments in the forest industries, are therefore found in northern Europe, where there is a large production of timber or where the general state of technological development is very high, or where both these factors are combined.

Wood is probably the oldest material used by man. It was used as tools, all kinds of implements, material for various constructions including houses. During the industrial developments, taking place in Europe and America during the last two centuries, the use of wood increased on a very large scale.

After the invention for making pulp and paper from wood new types of forest industries were developed. In these industries wood was no longer used as such, but as a raw material for other products. Paper and board were the first products derived from wood by chemical and highly developed mechanical processes. These were followed by other so called "derived products" such as plastics, rayons and fibres.

Chemistry plays an important role in these developments. In the post-war development in Europe these products based on a chemical conversion of the wood have been produced in an ever increasing scale. This is a natural development of a trend that started before the war. Parallel to the development of using wood as a raw material for these chemical products, wood continued to be used in large quantities in the same form as it was made in Nature. Wood was still used in its unmodified form for furniture, containers, boxes, tools, houses and other structures. Whether wood is used for a piece of furniture or for a house, it is used as a material for construction because of its excellent mechanical properties. While the ingenuity of man has made it possible to transform wood by the use of modern chemistry into entirely

new products (e.g. textile fibres), it is rather strange that wood as a material for construction is still used in its unmodified form. *Only recently has modern science and technology attacked the problem of improving the mechanical properties of wood.* This has only been made possible by developments in high polymer chemistry (plastics and similar materials). There is no borderline between the sciences other than those existing in our imagination. *It is therefore interesting, and rather typical, that development in chemistry was necessary to improve the mechanical properties of wood.*

The development I refer to is the industrial manufacture of a series of high polymers which can be used as adhesives or glues for wood.

Now it has to be explained why the use of new wood adhesives is so important and can cause the development of entirely new forest products and forest industries.

It has been stated that the development of new products from wood consists of taking the wood apart and afterwards putting it together again to give it improved properties. I agree completely with this statement, and I may go further to say that *in the future very little wood will be used in its natural form. It will all be taken apart and re-assembled to serve specific purposes better than the "old fashioned" solid wood.*

A very important question to answer is naturally why it is necessary to modify wood and how that can be accomplished by this taking-apart-and-putting-together process. For a wood technologist the answer is simple enough.

Wood has a number of excellent properties, but it also has its weak sides and shortcomings. These undesired properties can often be eliminated by gluing pieces of wood together in various ways.

The following examples will show how this is accomplished: If wood is used in the form of relatively thin planks for furniture, doors, walls and houses, it is really used in the form of a plate. A plate is one type of a structural unit in the same sense as a beam is a structural unit. Plates and beams are the most important of all structural units or building elements. The word plate is here used in its widest meaning and comprises all types of plates and sheets where the one dimension (thickness) is of a small order of magnitude compared with the other dimensions (width and length).

When wood is used as a plate, the physical dimensions are often inadequate because the width is rarely larger than 12-15 ins. This is

most unsatisfactory both from a constructional and structural angle.

Very large plates of wood can however be made from wood particle board, wood fibreboard and plywood. In all these cases the wood has been taken apart in either small particles such as chips, flakes, fibres or thin veneers sliced or peeled from a round log. Afterward, by complicated process, the parts are glued together to form wood particle board, fibreboard and plywood.

The quality of these boards and the plywood depend entirely upon the quality of the adhesive used in gluing together the parts. Modern wood adhesives are so strong that they form a stronger bond between the wood parts than the forces holding solid wood together.

By gluing the parts together to form boards and plywood we are overcoming another serious shortcoming of wood — its anisotropic strength properties. Wood is about 5-10 times stronger parallel to the direction of the grain than perpendicular to the grain. This severely limits the use of solid wood in the form of plates and sheets. The particle boards, the fibre boards and the plywood have all much more uniform strength properties, since the parts are either arranged at random in all directions or criss-crossed as in plywood. From an engineering angle this forms a structural material far superior to solid wood.

Wood technologists in Europe and America have been responsible for this development, but it comes as a direct result of chemical research in the field of high polymers used as adhesives.

Wood adhesives have been known for ages. They were used 4000 years ago by the ancient Egyptians. Synthetic adhesives of excellent properties were made before the last war, but it is only in the post war period that the chemical industry has made it possible to make the adhesives cheap enough, and in enough quantities to satisfy the large demand by the new forest industries.

Glued laminated timber is the most recent, and rather spectacular, development in this field. Even if glued laminated structures are not new, (I brought part of a beam back from Sweden which was 41 years old), it is only in the post-war period that the lamination industry has developed.

Glued laminated timber in the form of beams, posts, pillars, arches and shell structures are now being manufactured all over Europe.

This industry is expanding very rapidly, and I feel that the glued laminated timber industry

represents the most important development of the forest industry in the last 20 years.

The glued laminated structures are formed by gluing together small pieces of wood in the form of planks (e.g. 1" x 3" x 60") to form almost any practical size and shape. Here again the strength depend entirely upon the new types of synthetic adhesives.

In all the countries I visited there was an intensive development work going on to improve the glued laminated structures. Most of the work was concentrated upon making better adhesives and improving the methods of production. Laminated beams can be mass produced by proper assembly-line technique, and several factories were now being built with a complete streamlining of the production.

What can we in South Africa learn from this new development in the forest industry in Europe? I feel that the main thing we can learn is (1) to use wood, because of its excellent properties, on a much larger scale than before, and (2) to utilize the newest methods for production of the new highly improved forest products, i.e. all types of wood particle board, plywood and laminated structures.

The various types of boards and plywood are already manufactured in South Africa, but their strength properties, water and weather resistance and fire retarding properties can be further improved, and new types should be manufactured.

We have also a few factories for making glued laminated structures which have been of high quality. The price is, however, still too high, *and we have to learn from Europe to cut cost by utilizing proper mass manufacturing methods.*


I see a big future in laminated timber in South Africa. Not only is our pine and other wood ideally suited for producing glued laminated structures, but by laminating it, we will overcome some of the shortcomings of South African pine. Pine grown in South Africa is just as strong as pine grown anywhere in the world. However, compared with pines grown in Europe it may lack some stability with respect to twisting and bending. By laminating, these tendencies to dimensional instability is counteracted by the facts that the various laminae twist and bend in different direction. The nett result is that the laminated product is stabilized almost in the same way as plywood is stabilized by building it up from veneers.

South African pines and other woods could, therefore in its laminated form be a first class structural timber able to compete with the best of the imported.

If we are able to produce the new high quality forest products in South Africa in the same way as they do in Europe, it would help to make the South African public more "wood-minded", which, naturally, is a prerequisite for a large consumption of wooden products.

Die Rektor, prof H. B. Thom, en veldmaarskalk burggraaf Montgomery in gemoedelike gesprek by die ontvangs wat dr. A. E. Rupert, namens Rembrandt-Tabakkorporasie, op 26 Februarie vanjaar in die Burgerhuis aan veldmaarskalk Montgomery aangebied het.





*Ongeveer 1,300 oud-Maties
en belangstellendes het die Eeufesfondsdinee
in Pretoria op 16 Maart bygewoon.*

Die Eeufesfondsbyeenkoms in Pretoria



By die dinee: Mev. (dr.) W. Nicol, dr. S. M. Naudé, Sireeksvoorsitter van die Veldtogkomitee en gasheer; mev. Naudé, gasvrou en voorsitster van die gasvrouekomitee; dr. W. Nicol en prof H. B. Thom.

Hierdie groepie oud-Matieveterane het mekaar opgesoek: Staande, v.l.n.r.: Ds. B. A. A. Spies, ds. J. Reyneke, ds. J. D. Roos, mnr. J. C. Markotter en dr. Wm. Nicol. Voor, v.l.n.r.: Dr. P. J. du Toit, dr. M. M. Loubser en mnr. G. P. Retief.




**nk
ket
oria**

Navorsing oor die Broukwaliteit van Gars

deur

MNR. T. C. LOCHNER, M.Sc., in Landb.

*Hoof van die Afdeling
Graantegnologie*



*'n Monster goed
ontkiemde mout van
'n belowende nuwe
kruising.*


ONGEVEER 300,000 sakke gars word jaarliks deur brouers benodig en twintig persent daarvan word teen 'n koste van nagenoeg R850,000 ingevoer. Die belangrikste redes waarom gars of mout ingevoer moet word, is eerstens om plaaslike te kort aan te vul en, tweedens, om die kwaliteit van bier te handhaaf. Die vraagstuk van kwaliteit kan nie deur invoer alleen

opgelos word nie. Dit is derhalwe noodsaaklik dat navorsing onderneem word met die doel om nuwe variëteite te teel waarin voortreflike mouteienskappe met ander gewenste agronomiese eienskappe gekombineer is.

Die moderne brou-industrie, wat 'n daadwerklike belangstelling in navorsing van hierdie aard stel, stel streng vereistes aan brougars,


soos onder andere, 'n hoë persentasie vet korrels, lae dopinhoud, goeie kleur, redelike lae eiwitinhoud en uitmuntende kiemvermoë. Swak ontkiemde gars is ongeskik vir broudoeleindes weens 'n ontoereikende omsetting van stysel en eiwitte. Ontkieming het aansienlike verhoogde ensiemaktiwiteit tot gevolg wat meebring dat aminosure en suikers tydens die brouproses beskikbaar word vir die gisselle.

Monsters van nuwe teelmateriaal word in die laboratoria van die Afdeling Graantegnologie op eksperimentele skaal gemout. Die proses behels die volgende stappe: (a) 'n Weekproses van ongeveer een dag sodat die gars voldoende vog kan absorbeer; (b) ontkieming van gars by 'n lae temperatuur vir ongeveer een week, en (c) 'n stadige oonddroging van on-




Regs, bo: Mnr. S. E. Terblanché, assistent-vakkundige beampte, plaas hier houers met gars in 'n weekbad. Links voor kan gesien word hoe die garskorrels meganies benat word.

'n Moutekstrak word hier deur mnr. T. C. Lochner (links), skrywer van meegaande bydrae, berei. Regs bepaal mnr F. J. du Toit, tegnikus, die persentasie moutsuiker in 'n ekstrak met behulp van 'n dompelretraktometer.




geveer een dag om die ontkieming en ensiematiese prosesse stop te sit. Vir ontledingsdoel-eindes word die gedroogde mout gemaal en 'n waterekstrak berei waarin, onder andere, die hoeveelheid oplosbare stowwe, die versuikingsgraad en die stikstofinhoud bepaal word. Die inligting word dan gebruik as grondslag om minderwaardige kruisings of seleksies uit te skakel en belowende variëteite te vermeerder.

Meegaande foto's gee 'n oorsigtelike beeld van die navorsing, so aktueel vir die brounywerheid, wat aan die Universiteit van Stellenbosch deur vakkundige beamptes van die Departement van Landbou-tegniese Dienste en nagraadse studente aangepak word.



Mnr. J. A. Botha, nagraadse student, plaas 'n houër met mout in die droogoond.



Die oplosbare stikstoffraksie in die moutekstrak word met die apparaat op meegaande foto deur mnr. J. P. Kotzé, vakkundige beampte, bepaal.

Voedselwetenskap

'N AKTUELE STUDIERIGTING



Die gebou vir Voedselwetenskap waar alle voorlesings en praktika in die vak geskied. Dit bevat goed toegeruste laboratoria, 'n vakbiblioteek en 'n eksperimentele fabriek.

DIT word dikwels uit die oog verloor dat ons met die totstandkoming van die Unie en ook vir baie jare daarna van invoer afhanklik was vir 'n groot hoeveelheid voedsel wat plaaslik verbruik is. As gevolg van verbeterde landboumetodes en -organisasie tesame met die ontwikkeling van plaaslike en oorsese markte, is die toestand tans egter heeltemal anders. Verhoogde landbouproduksie het noodwendig gelei tot 'n groot voedselverwerkingsnywerheid en volgens die jongste nywerheidsensus van 1954 was daar toe reeds 2,038 voedsel-fabriekes in Suid-Afrika. Hierdie fabriekes het 89,480 werknemers in diens gehad en die materiaal gebruik vir verwerking het 'n waarde van R324,308,000 gehad.


Tans is die voedselverwerkingsnywerheid reeds weer aansienlik groter en vorm dit seker die belangrikste rigsgaans in ons volkshuishouding. Nie alleen moet 'n baie groot gedeelte van ons landbouprodukte op een of ander wyse verwerk of gepreserveer word alvorens dit die verbruiker bereik nie, maar bowendien stel ons verwerkingsnywerheid ons daartoe in staat om in feitlik al ons binnelandse voedselbehoefte te voorsien en boonop groot hoeveelhede van 'n verskeidenheid voedselsoorte uit te voer.

Die ontwikkeling van hierdie nywerheid het natuurlik die ywer, toewyding en samewerking van 'n verskeidenheid persone geveer. So was

die landboukundige byvoorbeeld verantwoordelik vir die produksie van geskikte en goeie grondstowwe, die ekonoom vir die beplanning van produksie en die bemerking daarvan, terwyl die wetenskaplike of tegnoloog hom weer besig gehou het met vervaardigingsprosesse en vervaardigingsprobleme. Hierdie laaste groep persone het in die verlede gewoonlik die voedselnywerheid betree na 'n opleiding in chemie, mikrobiologie, ingenieurswese of 'n verwante wetenskaplike rigting.

Nie alleen in Suid-Afrika nie, maar ook in die buiteland, was daar egter steeds nie voldoende wetenskaplikes wat uiteindelik hulle weg na die voedselnywerheid gevind het nie. Hierbenewens is dit ook vir 'n lang tyd besef, veral in die Verenigde State, dat indien daar gedurende die opleiding van die wetenskaplike of tegnoloog ook aandag gegee kon word aan voedselverwerking self, so 'n persoon baie spoediger tot nut vir sy werkgewer kon wees. Met 'n geskikte wetenskaplike agtergrond en die onderrig in voedselwetenskap en -tegnologie, is so 'n opgeleide persoon daartoe in staat om in enige vertakking van die wye voedselnywerheid in 'n ontwikkelings-, beheer- of navorsingsbetrekking te gaan staan.

Die Universiteit van Stellenbosch was die eerste Universiteit in Suid-Afrika en een van die weiniges buite die Verenigde State wat aan die begin van die na-oorlogse tydperk besef



Gedurende die vrugteseisoen word besonder veel werk in verband met die preservering van 'n verskeidenheid vrugtesoorte uitgevoer. Hier is mev. H. B. van der Merwe besig om pere voor inmaak te verpak. Hierdie projek word tans uitgevoer om die invloed van verskillende verbouingstreke op die maontlike verkleuring van pere gedurende die inmaakproses vas te stel.

het dat opleiding in hierdie vakgebied noodsaaklik is om te verseker dat ons voedselindustrie gesond sou ontwikkel in die toekoms. Met die finansiële en morele steun van 'n groot gedeelte van die nywerheid asook die samewerking en aktiewe hulp, veral van die W.P.-Vrugtenavorsingsinstituut van die Departement van Landbou, is daar dan ook vroeg in die vyftigerjare 'n begin gemaak met 'n B.Sc.-kursus in Voedseltegnologie in die Fakulteit van Landbou en ook met die oprigting van 'n gebou vir voedseltegnologie. Die steun en samewerking van die Departement van Landbou en die belangstelling en hulp van die Direkteur en personeel van die W.P.-Vrugtenavorsingsinstituut was so groot dat personelede van hierdie instituut vir ongeveer agt jaar die doseerwerk in voedseltegnologie en voedselingenieurswese behartig het. Tans word al die fasiliteite vir opleiding en navorsing nog deur hierdie inrigting verskaf. Omdat opleiding en navorsing so nou aan mekaar gekoppel is, is dit van besondere waarde dat hierdie noue samewerking met die Afdeling Voedseltegnologie van hierdie inrigting bestaan en dat die gespesialiseerde geriewe wat 'n eksperimentele fabriek insluit, vir die navorsing van die dosente en opleiding van studente beskikbaar gestel is.


Die eerste studente het die B.Sc.-graad in 1955 verwerf. In 1957 is die M.Sc.-graad en in 1961 die eerste D.Sc.-graad in Voedselwetenskap aan hierdie Universiteit en dus ook in Suid-Afrika toegeken.

Gedurende 1961 is die naam van die kursus ook verander na *voedselwetenskap* omdat daar in die onderrig nie alleen aandag aan die toegepaste of tegnologiese aspekte gegee word nie, maar omdat dit eerder 'n uitvloeisel is van die beginsels van die voedselwetenskap wat breedvoerig in die kursus behandel word.

In die vierjarige B.Sc.-kursus word Voedselwetenskap en Chemie A as hoofvakke gevolg. Biochemie, Mikrobiologie en Ingenieurswese word oor 'n periode van twee jaar gevolg en hierbenewens word kursusse in Bedryfseconomie, Voedingsleer, Fisika, Wiskunde en Botanik of Soölogie ook voltooi. Gedurende die kursus word 'n verskeidenheid voedselselfabriek besoek en moet studente ook verpligte vaksiewerk van ten minste twee maande in goedgekeurde voedselselfabriek doen. Die breë kennis wat die student gedurende sy studies opdoen oor die verskillende voedselpreserveringsbedrywe, tesame met 'n deeglike wetenskaplike agtergrond, stel hom daartoe in staat om later sy weg in enige vertakking van die voedselnywerheid te vind. So is daar van ons vorige studente tans, onder andere, besig met graanverwerking, vrugte inmaak, vrugtesap- en koeldrankbereiding, vispreservering, verpakkingsmateriaal en -vervaardiging, sowel as met verdere opleiding en navorsing.


Regs: Die eksperimentele fabriek van die W.P.-Vrugtenavorsings-instituut wat net langs die gebou vir Voedselwetenskap geleë is, is uitstekend toegerus vir die kleinskaalse verwerking van 'n verskeidenheid voedsel-produkte. Dit word dan ook dikwels gebruik by die praktiese opleiding van studente en vir navorsing deur nagraadse studente.

Op die foto neem prof. C. J. B. Smit, hoogleraar in Voedselwetenskap, lesings by een van die apparate wat gebruik word vir die konsentrasie van vloeistowwe by lae temperature.



Onder: Die nagraadse laboratorium waarin hoofsaaklik aandag geskenk word aan voedsel-chemiese werk. Besonder insiggewende resultate is reeds hier verkry oor die natuurlike polifenole van plante-materiale.

Regs voor op die foto verskyn dr. B. H. Koeppen, senior lektor in Voedselwetenskap. Dr. Koeppen het verlede jaar die eerste doktorsgraad in Suid-Afrika in hierdie studierigting aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf.



Kursus in Vervoerwese

deur

D.R. C. VERBURGH (E.C. DRS., D. COMM.),
Senior lektor in Vervoerwese.

Betekenis van vervoer

Via Vita: sonder beweging is daar nie lewe moontlik nie. Soos die bloedsomloopstelsel essensieel is vir die lewende organisme, so is die vervoerstelsel 'n onmisbare faktor in die ekonomiese en sosiale aktiwiteite van enige groep of nasie.

Die geskiedenis gee tal van voorbeelde hoe die ontdekking van nuwe lande, die ooplê van onherbergsame streke en die groei van nywerheid, handel en welvaart slegs moontlik gemaak is deur geleidelike verbeterings van die bestaande vervoerfasiliteite en deur die uitvinding van nuwe vervoertegniese.

Ons leef in 'n veranderde wêreld en vandag is die verandering miskien vinniger as ooit in die verlede, danksy die geweldige spoed waarmee ontwikkelings in die vervoerwese tans plaasvind. Die nuutste tegnieke in land-, water- en lugvervoer maak dit moontlik om enige plek op die aarde te bereik terwyl die ruimtevaart weer verdere horisonte blootlê. Afstande word vandag dramaties verklein van duisende myle tot enkele ure se vlieg, hoewel die koste, wat 'n ekonomiese faktor is, nog steeds 'n noue verband met die aantal afgelegde myle vertoon. Ruimtevaart is onvoorstelbaar duur maar dit sal steeds vinniger ontwikkel vanweë die belangrike strategiese waarde daarvan.

Kenmerkend van die vervoergeskiedenis is dus dat daar naas die geleidelike ontwikkeling, voortdurend „breuklyne” opgetree het in die ontwikkeling van vervoer. Voorbeelde daarvan is die uitvinding van die wiel, die ontdekking van die kompas, die koms van stoom, die ontwikkeling van die verbrandingsmotor, die eerste vlug, en die uitvinding van die straalmotor.

Saam met hierdie tegniese evolusie en revolusie in die vervoer het daar 'n geweldige ekonomiese vooruitgang plaasgevind. 'n Goeie illustrasie daarvan vind ons in die laaste helfte van die 18e eeu toe in Engeland die industriële revolusie op gang begin kom het. Die bestaande pad- en waterverbindinge was heeltemal onvoldoende vir die groeiende industriële aktiwiteite terwyl die spoorweë nog nie hulle verskyning gemaak het nie. Die nywerheid was dan ook in 'n groot mate afhanklik van kanale,

wat in die tweede helfte van die 18e eeu in geweldige omvang aangebou is.

Die spoorweë, wat in Engeland van omstreeks 1830 dateer, is nie slegs gebou as 'n alternatief tot die konstruksie van kanale nie, maar ook as 'n addisionele vervoervorm. Dit was die eeu waarin serie-produksie begin het waarvolgens die produkte in groot hoeveelhede teen laer eenheidskoste kon plaasvind. Maar hiervoor was 'n groot markgebied nodig wat oopgemaak is deur die spoorweë met sy vinners diens en laer koste.

Ook die ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika was steeds ten nouste verbonde met die beskikbaarheid van vervoerfasiliteite. Toe diamant- en goudontdekkings die ekonomiese swaartepunt na die binneland laat verskuif het, kon spoorweë aangewend word om die verbindinge met die kusgebiede en die hawens te onderhou. Toe dit onekonomies geword het om die spoorwegnet verder uit te brei het die motorvoertuig die verbindinge met die meer afgeleë gebiede tot stand gebring. Die motorvoertuig, saam met die vliegtuig, kan vandag 'n belangrike bydrae lewer tot die desentralisasie van ekonomiese aktiwiteite, 'n beleids-punt waaraan tans deur die regering voorrang verleen word.

Die benadering van vervoervraagstukke

Die ekonomiese probleme, verbonde aan die uitoefening van die vervoerbedryf en die neerlê van die openbare vervoerbeleid, is vandag groter as ooit te vore.

Allereers het die koms van nuwe vervoertegniese die kompetisieverhoudings baie ingewikkelder gemaak, soos blyk uit die mededinging wat bestaan tussen spoor- en padvervoer, tussen lug- en skeepsvervoer, tussen landvervoer aan die een kant en skeeps- en lugvervoer aan die ander kant.

Terselfdertyd het die omvang van die vervoerbedryf aansienlik toegeneem: die aandeel van die „kleinbedryf” in land-, lug- en skeepsvervoer neem voortdurend af.

'n Wetenskaplike benadering van die vervoervraagstukke word derhalwe vereis ten einde die vervoerondernemers en die vervoeroute-riteite te voorsien van die instrumente en hulp-

middels wat nodig is vir die vasstelling van hulle beleid.

Dit beteken dat algemene beginsels neergelê moet word omtrent die organisasie en beheer van die vervoerbedryf, die benutting van vervoerfasiliteite, die tariefbeleid, ens., terwyl die beginsels en doelstellings waarop die vervoer- outoriteite hulle beleid moet baseer veral gerig moet wees op die versekering van 'n ekonomiese verdeling van die verkeer tussen die verskillende vervoervorme sodat elke vervoervorm die werk verrig waarvoor dit die beste geskik is.

Die totstandkoming van die Departement van Vervoerwese

Om 'n wetenskaplike benadering in die vervoernywerheid te verseker, is een van die vereistes die beskikbaarheid van voldoende vervoerekonome. Tot kort gelede was daar egter aan ons universiteite geen spesiale opleiding met hierdie oogmerk nie.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawe-administrasie, as die grootste vervoeronderneming in die land, het hom dan ook beywer om aan een van ons universiteite 'n spesiale departement van vervoerwese gevestig te kry waar die opleiding van toekomstige personeel ter hand geneem kan word.

Danksy die bereidwilligheid van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawe-administrasie om 'n deel van die koste van so 'n opleiding te help dra en om tewens jaarliks 'n aantal beurse aan studente beskikbaar te stel, het aan die begin van 1961 die Departement van Vervoerwese aan die Universiteit van Stellenbosch werklikheid geword.

Inhoud en bestek van die kursus in Vervoerwese

Die kursus in Vervoerwese is 'n onderdeel van die driejarige opleiding vir die B.Comm.-graad. Dit begin eers in die tweede jaar omdat gevoel is dat die student eers 'n breë ekonomiese agtergrond moet hê alvorens hy begin spesialiseer.

Die tweedejaarkursus in Vervoerwese bestaan uit vyf voorlesings per week. Die onderwerpe wat behandel word is: Inleiding tot die vervoerekonome teorie, die geskiedenis van vervoer, kostevraagstukke in die vervoer en die verkoop van vervoerdienste (dit is 'n essensiële aspek in die beleid van die vervoeronderneming omdat geproduseerde vervoerdienste,

wat nie op dieselfde oomblik verbruik word nie, vir altyd verlore is. 'n Vervoerdiens is dus een van die mees bederfbare produkte. Die probleem is derhalwe om die hoogs moontlike benutting van die vervoermiddels te maak, 'n vraagstuk wat ten seerste bemoeilik word deur die seisoensverskynsels in die vervoer en deur die feit dat op 'n heenreis noodsaaklik 'n terugreis moet volg.)

Na die behandeling van die breë beginsels in die tweede jaar, word in die finale jaar van die B.-Comm.-studie meer gekonsentreer op elk van die verskillende vervoervorme, soos lugvaart, skeepvaart, spoorweë ens. Van elk van hierdie vervoervorme word 'n diepgaande studie gemaak wat betref die organisasie en administrasie van die bedryf, die verskaffing van vervoerdienste, die tariefbeleid, ens.

Naas die lesings word besoeke aan 'n aantal vervoerondernemings gereël, sprekers van buite genooi, terwyl die studente werkstukke inlewer oor 'n vervoeronderwerp wat in die klas voorgedra en bespreek word.

Aangesien die aandeel van die staat in die onderneem van en die kontrole oor vervoeraktiwiteite aansienlik is, veral in Suid-Afrika, word ook heelwat aandag gegee aan die vraagstukke van 'n nasionale vervoerbeleid. In spesiale lesings word die taak van die openbare liggamme in sake die bevordering van 'n doelmatige en gesonde vervoernywerheid uitvoerig belig.

Vervoerekonome navorsing

Hoewel die onderwys in die vervoerekonome wetenskap die eerste doelstelling van die nuwe departement is, moet in gedagte gehou word dat die twee pilare waarop enige universiteit rus onderwys én navorsing is. Hierdie twee aktiwiteite is onderling sterk afhanklik omdat die bronne van onderwys voortdurend gevoed moet word deur die resultate van navorsing, terwyl navorsing aan die ander kant gedra moet word deur 'n deeglike teoretiese kennis.

Die voorneme is dan ook om studente, veral nagraadse, geleentheid te gee om navorsing uit te voer en dit later uit te brei tot 'n sentrum waar vervoerekonome navorsing op groter skaal verrig kan word.

Daar is in die Suid-Afrikaanse vervoerwêreld 'n groot behoefte aan wetenskaplik opgeleide persone en aan diepgaande navorsing. Dit word gehoop dat die Departement van Vervoerwese 'n bydrae hiertoe sal kan lewer.



FRICK SIG-SAG DE LUXE

Doen gewone werk, Knoopsgate, Knope, Omkap, Borduurwerk, Name skryf, ens.

HANDAANGEDREWE R53 :: MOTORAANGEDREWE R66

VOORTREKKER-
WEG 35,
PAROW

TELEFOON
98-6489

Frick
-NAAIMASJIENE

OUD-MATIES!

Die nuwe Oud-Matie Kleurbaadjies (Klaargemaak deur Veka), volledig met wapen en wapenknopies sal vanaf Julie 1962 beskikbaar wees. Laat weet u grootte en bestel NOU — prys R24.

Ook Oud-Matiedasse

AANDENKINGE VAN U ALMA MATER

(Ideale Geskenke)

Leer Sakboeke met Universiteitswapen	R2.55
„ Tabaksakke met Universiteitswapen	95c
„ Notaboeke met Universiteitswapen	R2.00
„ Beursies met Universiteitswapen	75c
„ Sleutelhouers met Universiteitswapen	70c en 57½c
„ Tjekboekhouers met Universiteitswapen	R1.10
5½ duim wit osbakkies met Universiteitswapen	80c
Bierbekers met Universiteitswapen	R1.80

Vir u volgende Snyerspak skryf om monsters en selfmaatvorms.
Ons spesialiseer in die maak van Manelpakke.

GEBRS. DE WET STELLENBOSCH

Matieland se vooraanstaande Firma met 65 jaar diens aan
Maties en Oud-Maties.

Posbus 21

Tel. 19, 20, 21 en 22



SO ONTHOU EK MATIELAND



Die Kweekskool.

deur

PROF. EVERT P. GROENEWALD (M.A. 1927),
Hoogleraar in Teologie, Universiteit van Pretoria

DIE eerste oggend wat ek my oë in Matieland oopgemaak het, daar in 1923, het dit gereën. Somar gesous. En toe hoor ek 'n geluid wat nou nog in my ore naklink: 'n vishoring in Dorpsstraat. Dit was egter nie lank nie of ek het begin ontdek dat Matieland heelwat meer omsluit as hierdie twee eerste indrukke.

Die studentegemeenskap en ook die dorp was nog betreklik klein. Albei was aan die groei — net soos die jong studente self. Dit was trouens moontlik om teen die sykant van die Ou Hoofgebou 'n portret te laat neem van die dosente en studente van die Universiteit.



*Prof. dr.
E. P. Groenewald.*

Ek meen dat dit die laaste keer was dat so iets moontlik was. Maar in die kleiner gemeenskap was die onderlinge gebondenheid des te sterker.

Dit was jare van worsteling en woeling in die land, en Matieland het intens meegeleef en meegedoen. Toé was die politiek warm! Nie dat daar politieke vergaderings onder die studente gehou is nie — dit was nie nodig nie. Buitendien het die twee lewenskragtige debatsverenigings gesorg vir 'n forum vir almal wat wou praat, of hulle kon of nie. Die meelewing met die landsgebeure het 'n hoogtepunt in 1924 bereik toe Genl. Hertzog en sy kabinet na Stellenbosch genooi is. In die herinnering sien ek hulle nog daar staan op die balkon van die ou „Uitspan”. Geesdriftig word elke spreker deur 'n skare studente toegejuig. Vanselfsprekend was daar ook die kenmerkende studentepret. Toe dr. D. F. Malan aan die woord kom en plegtig verklaar dat hy nege en 'n half jaar op Stellenbosch deurgebring het, klink daar 'n tussenwerpsel op: „Baie gedop, né!” Hierop het dr. Malan alle misverstand uit die weg geruim.

Ja, die ruimte tot my beskikking is beperk, anders vertel ek van die aand toe mnr. Bruckner de Villiers na sy verkiesing in Barkly Wes feestelik na die „Uitspan” binnegehaal is waar hy met rollende r-e vertel het hoe hy Barkly verower het. En wie sal die openbare dispuut



Kan ons dit bekostig? JA—as ons nou spaar!

'n Standard Bank-spaarrekening is sommer 'n baie verstandige manier om te spaar – so gerieflik, so veilig, so lonend. Begin spaar op hierdie maklike, verstandige manier – kom gesels net vandag nog met die Standard Bank. Daar's 'n tak digby u.

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

vergeet tussen Sir George Cory en dr. Gustav Preller oor die egtheid van die naamtekeninge onder die Retieftraktaat, en die deurslaggewende getuienis wat prof. W. Blommaert aangevoer het? Of daar was die keer toe ons mekaar byna vertrap het om Genl. Smuts te hoor oor sy „holisme”. Daardie aand was die atmosfeer in die saal gelaai. En toe daar buite onverwags ’n donderslag losbreek, het die gehoor versteen gesit van skrik.

Van ’n ietwat ander aard was die besoek van die destydse Prins van Wallis. Dit was toe dat Johan Buhr met die een oog gekorrel het en hom vertel het hoe om ook in Suid-Afrika beoemd te word.

Die hysing van die vlag van Suid-Afrika in 1927 was ’n groot gebeurtenis. Dit was trouens so groot dat Dagbreek sy eie vlaghysing gereël het. En deur die onnuttigheid van een van die jongeres het die primarius byna ’n vuilgoedkisse in plaas van die vlag gehys. Maar afgesien hiervan was dit ’n gebeurtenis wat ’n mens diep in die wese geroer het.

Maar van Dagbreek gepraat, dáár was destyds ’n klompie karakters bymekaar! Maar daar is ook bande vir ’n leeftyd gesmee. Waar ons vir ons eie onderhoud moes sorg, en self die kamers moes skoonmaak en in netjiese orde hou, is egter vriendskappe gesluit. Tussen hakies, hoekom word deesdae in koerante geskryf oor studente wat self hulle kamers versorg? Ons het dit destyds sonder publisiteit gedoen.

Aan die Dagbrekers dink ’n mens in pare, die kamermaats bymekaar. Daar was onder andere Koos Conradie en Evert du Toit, Attie Burger en A. C. van Wyk, L. C. Steyn en Van Zyl Steyn, Jan Stander en Koos Schoeman, Louis Steenkamp en Jim Krynaauw, om net maar ’n paar te noem. Die prestasie en gelewerde diens van oud-Dagbrekers vul ’n mens se hart met trots. Tog treur ons nog oor die heengaan op jeugdige leeftyd van sulke geniale manne soos E. A. Schlengemann en Van Zyl Steyn.

Natuurlik het ons destyds erns gemaak met die studie. Dit was trouens by baie die hoofsaak. Veral dié van ons wat predikant wou word, moes daaglik met die antieke tale besig bly. Op die balkonne van die Ou Hoofgebou het ons letterlik geboer, aan die een kant vir Grieks en aan die ander kant vir Latyn. Na mate ons gevorder het, het ons getal gekrimp. In die nagraadse studie in Grieks het net drie oorgebly, destyds ’n hegte driemanskap: Abr. Jonker, Jac. Müller en skrywer hiervan.

Ook op die gebied van die voetbal was ek in

’n driemanskap betrokke wat baie intiem met mekaar verbonde geraak het omdat ons ook in dieselfde klas op Kweekskool was. Ek bedoel George Daneel, Jozua Loots en ekself. Eersgenoemdes het naam gemaak, laasgenoemde het die getal volgemaak. Dit was natuurlik in die jare toe die tweede span probleme gehad het met sy swak senter, André McDonald!

’n Sekere insident wil ek tog hier in herinnering bring. Dit was met ’n intervarsity op die ou voetbalveld agter McDonaldhuis, ek meen in 1927. Die voetbalklub het die destydse goewerneur-generaal, die Graaf van Athlone, uitgenooi as eregas. Weldra het dit egter bekend geword dat die Universiteitsraad aan die gereedmaak was om hom te ontvang. Die voetbalspan wou hulle nie so maklik van hulle gas laat ontnem nie. Toe is die dienste verkry van ’n student wat weens voorkoms en gestalte beste soos die goewerneur-generaal aangekleed kon word. Die keuse het op Mike Pienaar geval. ’n End van die voetbalveld af is die hoë besoeker se motor deur die eerste spanne van die Maties en die Ikeys voorgekeer. Die goewerneur-generaal is versoek om uit te klim, en Mike het in die motor ingestap en die bestuurder beveel om voort te ry. Intussen het die twee spanne, in gelid en onder leiding van hulle kapteins, Steve Hoymeyr en Oom Jan Pienaar, die goewerneur-generaal geleide gedoen na sy sitplek voor die verhoog. (Hiervan bestaan daar nog ’n mooi foto). Wat Mike se wederverings was toe hy moes uitstap om ontvang te word deur die Kanselier, die Rektor en lede van die Universiteitsraad... wel, hy het sy jare en moet dit maar self vertel. In elk geval het hy dit oorleef om op latere leeftyd as bekwame burgemeester van Bellville nog eens uitnemende dienste aan sy Alma Mater te lewer.

Nou het ek seker amper die indruk geskep dat daar destyds nie damestudente in Matieland was nie. Daar was, en baie gawes ook! Teveel om te noem en vol streke. Veral dink ek aan die aangename medewerking op die V.S.R. van Elizabeth en Maria Münchmeyer, Gertrud Andrag, Erika Theron en nog ander. Hulle geselskap het veredel, hulle vriendskap het verryk.

Maar ook die inwoners van Stellenbosch wat hul huise vir studente oopgestel het, is deel van die Matieland wat ek onthou. Die gesellige aande in die kring van die huisgesin was telkens weer ’n verkwikking. Aan hierdie gasvrye Stellenbossers, waarvan baie reeds weggeval het, wil ek dankbare hulde bring.

SO BOU HUL MATIELAND

Oorsese Vakansiewerk deur Ingenieurstudente

'n VYFTIENTAL Maties het hul afgelope somervakansie in die sneeu en koue van die Europese winter deurgebring. Dit wat hoofsaaklik om vakansiewerk te doen by ondernemings waar hulle ondervinding vir hul studies kon opdoen op gebiede waar daar nog nie plaaslik sulke goeie geleenthede gebied word nie. Die skema is moontlik gemaak deur die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteitsingenieurstudente (S.A.F.U.I.S.). Hierdie Federasie, wat uitsluitlik uit studente van al vyf die ingenieursfakulteite van die land bestaan, het naamlik vir 'n vyftigtal studente uit die vyf betrokke universiteite die billikste vlieg-rit moontlik gereël.

Die toergroep, onder leiding van Braam le Roux, een van die Maties, het op hulle heenreis eers vier dae in Lourenco Marques en twee dae in Lissabon deurgebring voor hulle by Brussels uitmekaar is.

Met die uitsondering van enkele studente uit ander studierigtings wat slegs wou gaan rondreis, het die studente by 'n groot verskeidenheid van bekende industrieë oor die hele vasteland gewerk. So is daar byvoorbeeld studente in Londen, Eindhoven, Wupperthal, Keulen, Stuttgart, Nürnberg en München geplaas.

Die meeste van hulle het verder ook nog die beste gebruik van elke oomblik en elke sent gemaak om soveel as moontlik van die Europese lande te besoek, en van hulle kuns- en kultuurskatte te geniet. As al hul omswerwinge bymekaar gegooi word, het hulle die vasteland deureis van onder in die Suide van Italië tot bo in die Noorde van Noorweë en alles belewe van die vervoerstaking op Londen se ondergrondse treine af tot by die Oos-Berlynse Staatsopera (agter die Ystergordyn).

Ondertussen loop die belangstelling alweer baie hoog onder die tuisblyers, want die skema belooft om 'n jaarlikse instelling te word.

Theo Louw.

M·A·T·I·E spells



Ja, ons weet wat dit spelle! Grosvenor daareneen, staan vir die Kaap se vooraanstaande Ford-handelaars en garagediens.

Kom besigtig die nuutste Ford-modelle in ons toonkamers—die elegante Galaxie en Fairlane, twee groot motors van formaat; die Falcon en Taunus, middelslagmotors met ongewenaarde weelde, en die pragtige, klein maar kragtige Anglia.

As u weer eendag in Kaapstad is, bel gerus 2-5521 vir 'n afspraak om u eie motor deeglik te laat nasien—ons voortreflike garagediens as gemagtigde Ford-handelaars is wyd en syd bekend.

Grosvenor Motors

STRANDSTRAAT 73, KAAPSTAD. BEL 2-5521

GM8617

OUD-MATIEBOND TAKKE

Pretoria

MNR. LEN VERDOORN, sekretaris van die Pretoria-tak skrywe: Beslis die funksie waartydens 'n rekord aantal oud-Maties teenwoordig was, het plaasgevind op Saterdag, 17 Februarie 1962, toe die oud-Matiebond die jaarlikse vleisbraai- en vrugtefeesfunksie gereël het. Meer as vierhonderd oud-Maties het vanaf 5.00 nm. by die Fonteine byeengekom en baie gesellig verkeer. Heerlike druiwe, braaivleis, wors en mos is aan die gaste bedien.

Die gehoor het met belangstelling geluister na die uiteensetting deur die Openbare Inlig-

tingsbeampte van die Universiteit, mnr. Andries Esterhuyse, van die planne van die Universiteit in verband met die Eeufeesvierings en oor die vordering wat gemaak is met die oud-Matiekleurbaadjie.

Onder die gaste is onder andere die volgende opgemerk: Dr. en mev. Wm. Nicol (President van die Tak), dr. en mev. H. L. de Waal en dr. en mev. Theo Schumann (Vise-Presidente van die Tak), dr. en mev. P. D. Henning (Direkteur van Landbou-Tegniese Dienste), dr. en mev. E. J. Marais (Adjunk-President van die W.N.N.R.), dr. en mev. S. M. Naude (President van die W.N.N.R.), prof. en mev. Ben Marais en dr. en mev. W. A. Odendaal.

Só is daar ontspan en gesels by die Pretoria-saamtrek. V.l.n.r.: Mnr. A. J. Esterhuyse, dr. P. B. Henning, dr. E. J. Marais en dr. T. E. W. Schumann. In die agtergrond: pure lekker-kuier vir klein en groot.

(Foto: Die Transvaler.)



oud - MATIEBAADJIE

Die nuwe oud-Matiebaadjie sal in Junie-Julie 1962 by ons beskikbaar wees.
Indien u nie 'n standaard nommer dra nie (raadpleeg u lokale uitruisters),
skryf aan ons vir maatvorms. Stuur asseblief u kleurkaart saam.

BESTEL NOU EN WEES EERSTE

PIKKIE BLOMMAERT BPK.

MANSUITRUSTERS

PLEINSTRAAT 61

POSBUS 94

STELLENBOSCH

Die Persoon Wat Kan Saampraat

LEES

Suid-Afrika se Mooiste Tydskrif

DIE
Huisgenoot




ORAL VERKRYGBAAR

10c.

**U BESPAAR R1.70 PER
JAAR AS U INTEKEN
BY POSBUS 1802,
KAAPSTAD.**



Intekengeld (per jaar): Republiek en S.W.A., R3.50; Rhodesië, R3.70; Buiteland, R5.00.





'n Groepie uit die negentigtal oud-inwoners wat die dinee ter viering van die mondigwording van Huis de Villiers bygewoon het:

Sittende, v.l.n.r.: Mevv. Cecile Kotzé (Rust) (Primaria 1958), Hettie Jordaan (Louw), Mej. Hettie du Toit (Primaria 1962), Annie de Bruijn (Prinsipale), Helena Dreyer (Eerste Prinsipale), Nell Dreyer (Van Dyk), Veronica van Wyk (Nel), Jeanette Lochner (Van Zyl), en Milo Wirth.

Staaende v.l.n.r.: Mevv. Kitty Page (Moodie) (Primaria 1959), Margaret van Soelen (Brink), Ingrid Friedländer (Papendieck), Anna Swart (Rossouw), Esther Malherbe (Erasmus), Tol Erasmus, Yvonne Fensham (Theron) en Dora Musiol (Louw).

Huis de Villiers vier Mondigwording

DIE mondigwordingsvierings van Huis-Div. oor die naweek van 2 tot 4 Maart was 'n feestelikheid om oor huis toe te skrywe. Sowat *negentig* oud-Huis-divvers wat sedert 1941 op eie wieke of onder eie seil (om maar in die tradisie van hierdie seevaartbewuste dameskoshuis te praat) die wêreld in is, het andermaal hul tuishawe kom opsoek.

Die pragtige weersomstandighede was in bondgenootskap met die ondernemende Prinsipale, mev. A. de Bruijn en haar wakker Huis-komitee. By die dinee van Vrydagaand vir oud- en huidige inwoners is daar geklets hoor! Mev. Margaret van Soelen (geb. Brink) van Ladybrand was daar, en mev. Dora Musiol (Louw) van Pretoria saam met haar suster, mev. Hettie Jordaan van Ladismith, Kaap. Kamermaats Jeanette van Zyl (mev. Lochner) van Somersset-Wes en Veronica Nel (mev. Van Wyk) van

Alexandria het mekaar weer vir die eerste keer sedert die veertiger jare teëgekom. Mev. Hetma Bredell (Ferreira) van Patensie in die Oostelike Provinsie het ook die pelgrimsreis onderneem. Na die ete het die huidige primaria, mej. Hettie du Toit, afwisselend stigtelik en prikkelend voorgelees uit die unieke *Joernaal* wat Huis-Div sedert 1941 getrou bygehou het. Oud-prinsipale, mev. Helena Dreyer (1941-1952), het kosbaarhede uit haar merkwaardige geheue opgediep.

Saterdag is lonend deur die huidige Divvers uitgekoop ten bate van hul huisfondsfunksie. Die tema was *Stormvogel* en menige mans-ondersteuner van die funksie het gewatertand om die reis in hierdie bekoorlike-bemande (?) seiljag mee te maak. Saterdagagaand het 'n model-vleisbraai opgelewer — en dit sonder 'n enkele manlike helpende hand!

Sondagoggend het die oud-Huis-divvers meegedoen aan 'n huiskerk.

VAN HEINDE EN VERRE

Dr. I. J. van Heerden (B.Sc. cum laude 1946, M.Sc. cum laude 1949) is aangestel as Hoofwetenskaplike van die Kerninstituut van die Suidelike Universiteit. Nadat dr. Van Heerden in 1955 die doktorsgraad aan die Universiteit van Manchester, Engeland, verwerf het, is hy aangestel as navorsingsbeampte in die Afdeling Kernfisika van die W.N.N.R. In 1957 is hy bevorder tot senior navorsingsbeampte en in Junie 1960 tot hoofnavorsingsbeampte en hoof van die Afdeling Kernfisika. Dr. Van Heerden het ook aan die Universiteite van Bristol en Ottawa gestudeer. 'n Groot aantal wetenskaplike publikasies het van sy hand verskyn.

Izak Jacobus van Heerden is in 1926 in Oos-Londen gebore en het sy hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Jan van Riebeeck, Kaapstad, geniet. Tussen die jare 1950 en 1960 is aan dr. Van Heerden verskeie groot studiebeurse toegeken.

Dr. E. J. Marais (M.Sc. cum laude 1941, D.Sc. 1945), direkteur van die Nasionale Fisiese Laboratorium, is met ingang Februarie 1962 aangestel as 'n ondervoorsitter van die Wetenskaplike en Industriële Navorsingsraad.

Dr. G. J. J. Smit (D.Ed. 1960), gewese adjunk-Superintendent-Generaal van Onderwys van Kaapland, is met ingang 1 Februarie vanjaar aangestel as Professor van Opvoedkunde aan die Universiteit van Kaapstad.

Mnr. P. E. Rousseau (M.Sc. 1930), besturende direkteur van Sasol, het op 24 Maart vanjaar die eregraad D.Sc. van die Universiteit van die Vrystaat ontvang op grond van die waardevolle dienste wat hy op wetenskaplike gebied gelewer het.

Dr. I. J. van Biljon (M.A. 1948, M.Ed. 1958, D.Phil. 1953), senior lektor in Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, het die Ernest Oppenheimer-gedenkbeurs vir een jaar gevorderde studie oorsee ontvang. Dr. Van Biljon en sy gesin vertrek vanjaar na Engeland, waar hy hom aan die Universiteit van Londen sal toelê op 'n studie van die sosiale en kindersielkunde.

Dr. H. P. Langenhoven (M.A. 1945, D.Phil. 1957), assistent-direkteur van die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Opvoeding, het in 1961 met 'n beurs vir gerigte navorsing 'n twintigtal navorsingsinrigtings in die V.S.A., Kanada, die Verenigde Koninkryk en Europa besoek ten einde sekere probleme van sielkundige meting te ondersoek.

Dr. F. F. Odendal (M.A. 1950, D.Litt. 1957), is met ingang 1 Julie 1962 aangestel as assistent-redakteur van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.

Mnr. D. P. de Villiers (B.A., LL.B. 1942), is vanaf 1 November 1961 aangestel as algemene bestuurder en alternatiewe direkteur van Sasol.


Dr. J. D. Louw (M.Sc. 1942, D.Sc. 1954) is aangestel as laboratoriumbestuurder vir Sasol.

Mnr. D. C. Neethling (B.Sc. 1954) het die Suid-Afrikaanse Ekspedisie na Antartika as senior geoloog vergesel.

Mnr. P. H. J. Krÿnauw (B.A., LL.B. 1956) van die kantoor van die Prokureur-generaal in Pietermaritzburg is met ingang 1 November 1961 aangestel as regsadviseur van die sentrale regering. Mnr. en mev. Krÿnauw het hul sedertdien in Pretoria gevestig.

Mnr. D. van As (M.Sc. 1959) sit sy studie in die kernfisika aan die Universiteit van Pennsylvania in die V.S.A. voort. 'n Beurs is deur die *Institute of International Education* van Amerika aan hom toegeken.

Dr. Joan Louw (M.Sc. 1948) het haar aangesluit by die M.B., Ch.B.-kursus aan die Universiteit van Stellenbosch teneinde die terapeutiese aspek van farmakologie te bestudeer. Dr. Louw het aan die *Institut de Pharmacodynamie* van die fakulteit van die Aptekerswese en aan die *Institut de Pharmacologie* van die fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Parys gestudeer en in 1954 die graad Ph.D. in die Natuurwetenskappe, toegepas op die Farmakodinamie, aan die Sorbonne verwerf.



In Januarie vanjaar is 'n hoogs geslaagde kortkursus vir skoolvoorgligters en klinici aan die Universiteit van Stellenbosch gehou. Dit is deur hierdie groep oud-Maties bygewoon:

Agter v.l.n.r.: Mnr. A. B. Kruger, mej. S. E. van der Rijst, mnre. J. W. Steyn, J. C. E. Bouwer, J. P. Liebenberg, J. Blüchner, M. C. Potgieter, J. C. Neethling, C. J. J. Reyneke en H. T. Pretorius.

Middel v.l.n.r.: Mnre. A. du Preez, J. F. Millar, E. R. Ward, E. L. Conradie, W. C. Gericke, mej. L. Conradie, mnr. D. J. du Toit, mej. J. A. de Villiers, mnre. N. H. Bernard en J. A. van Aarde.

Voor v.l.n.r.: Dr. I. J. van Biljon, prof. J. M. du Toit, mej. J. D. Fleck, prof. A. B. van der Merwe, dre. N. J. du Preez, N. J. Heyns, mej. L. Putterill, mnr H G van Niekerk en mej. M. M. Steyl.



Wyle prof. B. I. C. van Eeden.

Ons Onthou

B. I. C. VAN EEDEN,

1908—1962

DIE Universiteit van Stellenbosch, die Bantoe-taalwetenskap en sy kollegas het 'n onherstelbare verlies gely in die skielike heengaan van prof. dr. B. I. C. van Eeden op 30 Januarie 1962. Wyle prof. Van Eeden was hoof van die Departement Bantoetale aan die Universiteit.

Gebore te Fort Jameson, in Noord-Rhodesië, op 22 September 1908 het hy die matriekulasie-eksamen afgêlê op Boshoff in die O.V.S. In 1930 het hy die B.A.-graad (met Bantoetale

GENIET DIE BESTE!


Geniet Suid-Afrika se

HEERLIKSTE

VRUGTE EN GROENTE

Dit is vir u
ingemaak deur...

KOO



LS 2058A

en Volkekunde as hoofvakke) *cum laude* aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, en die M.A.-graad in Bantoetale *cum laude* in 1931. Hy het die D.Phil.-graad in Bantoetale in 1933 verwerf.

In Januarie 1932 is 'n *Beit Railway Trust Fellowship for the two Rhodesias* aan hom toegeken met die oog op taalkundige navorsingswerk in Noordwes-Rhodesië. Sy *Phonology of Soli* (1936), gepubliseer in die Zeitschrift für Eingeborenensprachen, en sy *Grammar of Soli* (1936), gepubliseer in die Annale van die Universiteit van Stellenbosch, het die resultate van sy navorsingswerk bevat. Gedurende 1934 verdiep hy hom verder in die studie van die Bantoetale op Stellenbosch, en in 1935 doen hy weer navorsingswerk in Noord-Rhodesië met geldelike steun van die Raad vir Navorsingstoekennings.

In die begin van 1936 is hy aangestel as Junior Lektor aan die Universiteit van Stellenbosch en in die begin van 1937 is hy bevorder tot Senior Lektor. Hy besoek Hamburg en Berlyn in Desember 1937 met die doel om die tegniek van eksperimentele fonetiek en tonetiek te bestudeer. Hy besoek by dié geleentheid ook die departement van *Bantu Studies van die School of Oriental Studies* in Londen, en keer terug in Februarie 1938.

In 1938 word 'n Merensky-beurs aan hom toegeken vir studie in verband met die tegniek van eksperimentele fonetiek en tonetiek en Junie 1939 vertrek hy na Berlyn — waar hy byna deur die uitbreek van die tweede wêreldoorlog vasgevang word. In 1941 word hy bevorder tot Professor in die Bantoetale aan die Universiteit van Stellenbosch.

Benewens kleinere werke deur prof. Van Eeden gepubliseer, het hy veral bekendheid as Bantoetaalwetenskaplike verwerf met sy twee standaardwerke oor Sotho en Zoeloe onderskeidelik, nl. sy *Inleiding tot die Studie van Suid-Sotho* (1941) en sy *Zoeloe-Grammatika* (1956). Eersgenoemde werk word tot vandag toe as standaard-handleiding by die studie van Suid-Sotho gebruik.

As sy *magnum opus* kan ewenwel beskou word sy *Zoeloe-Grammatika*, 'n omvattende werk van 777 bladsye waarin nagenoeg alle aspekte van die vormleer, sintaksis en fonetiek van Zoeloe behandel word. Daar het nog geen gelykstaande werk, ten opsigte van enige ander Suid-Afrikaanse Bantoetaal, voor of na die tyd verskyn nie. Die volledigheid, noukeurigheid en verfrissende gebruik van nuwe grammatiese indelinge en terminologie maak hierdie werk waarskynlik die grootste wetenskaplike pre-

stasie in Afrikaans op die gebied van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalkunde.

Prof. Van Eeden se belangstelling en bedrywighede het egter ver buitekant die grense van sy besondere vakgebied gestrek. Hy was 'n bekende grootwildjagter, hengelaar en rugby-entoesias. Veral het hy ook op die gebied van rasseverhoudinge 'n blywende en onvervangbare bydrae gelewer. As medeskrywer het 'n groot aantal artikels in blaaie en tydskrifte en afsonderlike publikasies van hom verskyn. Saam met sy kollegas was hy verantwoordelik vir die ontstaan van Sabra, stigterslid daarvan, hoofredakteur van die publikasies en lid van die Uitvoerende Komitee daarvan tot in September 1961. Hy het hom onvermoeid beywer in belang van dié organisasie en op die breë terrein van ons rassevraagstukke. Hy het dit sy werk gemaak om met ons nie-blanke mede-Suid-Afrikaners gedurig in 'n noue voeling te bly, teneinde hul probleme en aspirasies behoorlik te begryp; op gebalanseerde wyse het hy as onvermoeide kampvegter opgetree vir die verkryging van 'n beter gesindheid en verstandhouding tussen die verskeie bevolkingsgroepe van ons land.

Dit is egter ook veral as mens dat sy vriende en kollegas hom sal onthou. Sy opregtheid, genaakbaarheid, beskeidenheid en diepe menslikheid het 'n onvergeetlike indruk gelaat. Sy onbaatsugtige hulp — in elke denkbare vorm — wat hy aan sy vriende verleen het wanneer hulle dit die meeste nodig gehad het, sal steeds in dankbare herinnering geroep word. Sy lojaliteit en samewerking was 'n voortdurende bron van inspirasie en bemoediging. Sy heengaan het onder sy vriendekring 'n leemte gelaat wat nie gevul sal kan word nie.

Ons Universiteit, ons land en volk is armer gelaat deur sy heengaan.

N. J. J. Olivier en P. J. Oosthuizen.

*MATIELAND betuig sy
meegevoel met mev. Van
Eeden en haar kinders.*

DIE „MATIELAND“-FONDS

TOT op 28 Februarie 1961 het ons lesers R2,599.76 tot die fonds bygedra. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang, wat ons hiermee met dank en waardering erken:

R	
Totaal (tot 28 Februarie 1961)	2,599.76
<i>Naam en Adres</i>	<i>Bedrag</i>
Barnard, Mnr. P. D., Vier Winde, Port Shepstone, Natal	4.00
Bergh, Mev. J. M. C., Hartenbos, Mosselbaai	2.00
Bornman, Mnr. C. H., Departement Agromie, Universiteit van Kalifornië, Davis, Kalifornië, V.S.A.	2.00
Botha, Mnr. en mev. C. V., Los Angeles 42, Troyestraat, Sunnyside, Pretoria	2.00
Botha, Mnr. en mev. J. J., Blesbokstraat 3, Upington	2.00
Brink, Dr. Vernon, National Mutual-gebou, Kerkplein, Kaapstad	6.30
Carstens, Ds. A. J. N., Posbus 20, Neilersdrift, K.P.	2.00
Cronje, Mnr. I., Posbus 66, Mufulira, N.R.	2.00
De Klerk, Mev. S., Hoër Landbouskool, Amsterdam, Oos-Tvl.	1.00
De Wet, Mnr. A. P., Le Chasseur, Robertson	4.00
Drennan, Prof. M. R., „The Chestnuts“, Fernwoodlaan, Nuweland, K.P.	4.25
Du Plessis, Mev. E., Posbus 185, Mullersvlei, Potchefstroom	10.00
Ganschow, Mnr. en Mev. W. K. H., Posbus 5429, Windhoek, S.W.A.	4.00
Hamman, Mnr. J. L., Derksenstraat 10, Paarl	2.00
Hamman, Mnr. W. D., Derksenstraat 10, Paarl	2.00
Hauptfleisch, Mev. D. P., Privaatsak 122, Pretoria	2.50
Hofmeyr, Prof. en Mev. J. H., Landbou-fakulteit, U.O.V.S., Bloemfontein	2.05
Joubert, Dr. P. R., Posbus 146, Estcourt	2.00
Kotzé, Mnr. en Mev. G. J., Posbus 150, Malmesbury	2.00
Kriek, Ds. en Mev. J. A. J., N.G. Pastorie, Posbus 73, Ogies, Tvl.	4.00
Langenhoven, Dr. H. P., Posbus 7, Hercules, Pretoria	2.10
Lombard, Prof. S. H., Queens Crescent 414, Lynnwood, Pretoria	2.00

<i>Naam en Adres</i>	<i>Bedrag</i>
Loubser, Dr. M. M., Ormondeweg 26, Muckleneuk, Pretoria	2.50
Malherbe, Mnr. P., Suikerboskroon, Pk. Voëlklip, Hermanus	2.50
Naudé, Mev. A. S., Langstraat 21, Lichtenburg	2.00
Naudé, Mej. C. M., Monument Hoërskool, Krugersdorp, Tvl.	2.00
Nell, Mev. I., Posbus 42, Ottosdal	2.00
Norval, Mej. E., Die Dam, Potchefstroom	2.00
Olivier, Mnr. en Mev. A. E., Douglasskool, Pk. Van Dyksdrif, Tvl.	4.20
Pienaar, Mnr. J. H., Truterstraat 14, Robertson	2.05
Plichta, Mnr. O. V., Posbus 2537, Windhoek, S.W.A.	4.00
Rabie, Mnr. W. P. J., Posbus 1938, Johannesburg	10.00
Read, Mnr. en Mev. M., Raad op Atoomkrag, Privaatsak 256, Pretoria	2.06
Seeger, Mnr. K. G., Van Riebeeckhuis, Posbus 105, Stellenbosch	2.00
Swart, Mnr. en Mev. J. A., Ontario Agricultural College, Guelph, Ontario, Canada	2.00
Theron Ds. en Mev. Jos, Posbus 25, Kuruman	10.00
Thom, Ds. J. D., Uniestraat 76, Strand	3.00
Tindall, oud-Regter, B. A., Posbus 130, Kaapstad	2.10
Truter, Mnr. F. C., Hoërskool, Bonnievale	2.00
Twee Intervarsity-gangers	4.06
Van der Linde, Mnr. Gerhard, Posbus 2110, Pretoria	3.00
Van der Merwe, Mnr. D. A., Posbus 282, Otjiwarongo, S.W.A.	2.00
Van der Merwe, Mnr. F. J., Posbus 304, Harrismith	2.10
Van der Merwe, Ds. G. J., Die Pastorie, Maclear	1.50
Vedder, Dr. H., Privaatsak 22, Okahandja, S.W.A.	5.00
Vermeulen, Mnr. D. J., Laerskool Wescott, Dieprivier, K.P.	2.00
Viljoen, Mnr. A. J., Ossewastraat 4, Bethlehem, O.V.S.	3.00
Viljoen, Mnr. en Mev. D. C., p.a. Die Suiwelraad, Posbus 1284, Pretoria	2.00
Totaal (tot 7 Maart 1962) R2,747.03	

L.W.: Alle tjeks en posorders moet asseblief aan die „Matieland“-fonds betaalbaar gemaak word.

Staal

VIR VOORUITGANG!

Staal is die fondament vir vooruitgang in elke nywerheidsland. Met 'n huidige produksiepeil van sowat 2,350,000 gietblokken per jaar, voorsien die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Beperk (YSKOR), verreweg die grootste deel van Suid-Afrika se staalbenodigdhede.

Ten einde tred te hou met die steeds stygende vraag na staal, pak YSKOR tans 'n uitbreidingskema aan wat oor twaalf jaar sal strek, ongeveer R560-miljoen sal kos en sy jaarlikse produksievermoë sal verhoog tot tussen 4,350,000 en 4,500,000 gietblokken.

Daar bestaan geleenthede vir interessante en lonende betrekkings in hierdie groeiende onderneming. YSKOR het die dienste nodig van chemiese, elektrotegniese, metallurgiese, mynboukundige en werktuigkundige ingenieurs, terwyl gegradeerdes in wetenskappe, lettere en handel in sy tegniese en administratiewe departemente geplaas kan word.

YSKOR-werknemers geniet die voordele van 'n pensioenskema, mediese bystand, 'n vakansiebonus, 'n huiseienaarskema, 'n groeplewensversekeringskema, ontspanningsgeriewe en ander welsynfasiliteite. Verdere studie word aangemoedig deur die verskaffing van omvattende onderwysgeriewe.

Oorweeg u 'n loopbaan in die staalbedryf? Skryf dan gerus om nadere besonderhede aan die Bestuurder, Departement Personeel.




**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

HOOFKANTOOR:

POSBUS 450

PRETORIA



Die
Internationale
Paspoort
tot Rookgenot



**PETER
STUYVESANT**



PS 232a